

GAUTENGSE DEPARTEMENT VAN ONDERWYS
SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN

HOUTBEWERKING SG

OCTOBER / NOVEMBER 2005
OKTOBER / NOVEMBER 2005

TYD: 3 uur

PUNTE: 200

BENODIGHEDE:

- Tekene-antwoordboek 717-2/X met A3-tekenvelle

INSTRUKSIES:

- Beantwoord ENIGE VYF vrae.
- Beantwoord alle vrae, tekeninge **asook** skriftelike antwoorde, op die **teken papier**.
- Gebruik albei kante van die tekenpapier.
- Skryf jou eksamennommer in die titelblok.
- Tekeninge moet volledig gemaatskrif en netjies met opskrifte en byskrifte afgerond word in ooreenstemming met die SABS se Aanbevole Praktyk vir Boutekeene.
- Vir die doel van hierdie eksamen moet die baksteengrootte as 220 mm x 110 mm x 75 mm aanvaar word.

VRAAG 1

'n Dubbelverdieping-gebou word aan die buitekant ondersteun deur enkeleunskore.

- 1.1 Teken volgens 'n skaal van 1:50 'n vertikale snit deur die buitemuur van die gebou om die konstruksie van een skoor in posisie te toon. (20)

Leunskoor	=	228 mm x 228 mm
Naald	=	300 mm x 100 mm x 100 mm
Klos	=	200 mm x 100 mm x 100 mm
Muurplaat	=	228 mm x 75 mm

- 1.2 Teken volgens 'n skaal van 1:5 'n isometriese skets van die kop van een van die leunskore. Toon duidelik hoe die skoor, naald en muurplaat by mekaar aansluit. (10)

- 1.3 Teken volgens 'n skaal van 1:5 'n isometriese skets van die leunskoor se onderste gedeelte. Toon duidelik hoe die skoor, klos, voetplaat en voetplanke by mekaar aansluit. (10)
[40]

VRAAG 2

- 2.1 Die mure van 'n ingangsportaal is met 'n 6 mm-laaghoutpaneel van die vloer af tot by 'n hoogte 1 200 mm bedek. Die panele bestaan uit 6-mm-dikte laaghout, die vloerlys is 75 mm x 20 mm, die deklis is 60 mm x 30 mm, die hegstroke is 50 mm x 20 mm en die dekstrook is 22 mm x 10 mm.

Teken volgens skaal 1:10

- 2.1.1 die vooraansig van 'n gedeelte van die paneelwerk, ongeveer 1 500 mm lank. (20)

- 2.1.2 'n vertikale snit van die muurpaneel om al die onderdele, vanaf die vloer opwaarts tot en met die deklis te toon. (20)
[40]

VRAAG 3

Teken, volgens 'n skaal van 1:10, die vooraansig van 'n dubbelswaairaam-venster met twee boligte en twee vensterrame wat na buite oopmaak met die kosynkop, style en tussenstyl in posisie. Elke venster het VIER glaspanele van 450 mm x 250 mm wat tussen horisontale ruitbalkies ingepas is. Die boligte het elk slegs een glaspaneel van 425 mm x 250 mm.

Die ander komponente se afmetings is soos volg:

Kosynkop, -styl en -tussenstyl	: 76 mm x 114 mm	
Boreling van venster en boligte	: 60 mm x 44 mm	
Vensterstyle	: 60 mm x 44 mm	
Kalfreling en afloopvensterbank	: 76mm x 150 mm	
Ruitbalkies	: 30 mm x 44 mm	
Onderreling van venster	: 76 mm x 44 mm	
Onderreling van bolig	: 76 mm x 44 mm	[40]

VRAAG 4

- 4.1 Noem VYF veiligheidsmaatreëls wat nagekom moet word wanneer daar met 'n sirkelsaag gewerk word. (10)


- 4.2 Noem VYF veiligheidsmaatreëls wat in gedagte gehou moet word wanneer 'n slypmasjien gebruik word. (10)

- 4.3 Noem VYF noodsaaklike kenmerke waaraan bekisting van betonwerk moet voldoen. (10)

- 4.4 Noem VYF veiligheidsmaatreëls wat nagekom moet word wanneer daar met 'n bandsaag gewerk word. (10)
[40]

VRAAG 5

5.1 Teken die volgende, volgens 'n skaal van 1:2:



5.1.1 Die horisontale snit by B-B

(20)

5.1.2 Besonderhede van die swaaideur en veerskarnier

(20)

[40]

VRAAG 6

6.1 'n Ronde tafel met 'n diameter van 1 300 mm het 'n gedraaide poot wat 150 mm in diameter is en eindig met 'n seskant, waarin drie by passende vleuelpote getap is. Die blad is 25 mm dik, is afgewerk met 'n duimlys en het oorhang van 25 mm. Die tafel het 'n opgeboude reling, 75 mm by 40 mm, wat met 3-mm-dik laaghout bedek is. Elk van drie vleuelpote is 40 mm dik en is so geheg dat dit 'n sirkel met 'n diameter van 900 mm omvat. Die totale hoogte van die tafel is 760 mm.

Teken, volgens 'n skaal van 1:10, 'n deursnitvooraansig asook 'n bo-aansig van die tafel met 'n gedeelte van die laaghout verwyder om die opgeboude reling te toon.

(20)

6.2 Teken 'n bo-aansig deur die opgeboude reling en 'n gedeelte van die blad volgens 'n skaal van 1:1. Toon die metode duidelik aan waarop die reling aan die blad vasgeheg is.

(20)

[40]

VRAAG 7

- 7.1 'n Reguit betontraparm bestaan uit agt trappies, elk met 'n optree van 150 mm en 'n aantree van 280 mm. Die traparm begin op 'n betonvloer en eindig met 'n 900 mm wye bordes wat deur 'n ongepleisterde muur met 'n dikte van een steen gesteun word.

Teken, volgens 'n skaal van 1:20, 'n vertikale snit deur die lengte van die traparm om die bekisting en die nodige stutwerk te toon.


[40]

TOTAAL: 200

CANDIDATE'S NUMBER / KANDIDAAT SE NOMMER

--	--	--	--	--	--	--	--	--	--

SENIOR CERTIFICATE EXAMINATION
SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN



OCTOBER / NOVEMBER
OKTOBER / NOVEMBER

2005

WOODWORKING
HOUTBEWERKING

DRAWING ANSWER BOOK
TEKENE ANTWOORDBOEK

SG

717-2/X

4 pages / bladsye

QUESTION VRAAG	MARKS PUNTE	INITIAL PARAFEER
1		
2		
3		
4		
5		
6		
7		
TOTAL / TOTAAL		



